

.....

GEDIGTE

Piet van Rooyen

koei, trekker en varkies 187

laatnag in 'n koue stad 188

Joan Hambidge

Affaire: 'n reeks 189

Gershwin Wanneburg

On days when not even poetry was enough 196

A poem a long time coming 197

Dave Lubbe

huwelikswens 198

Rubriek vir skeppende werk

Litera is 'n rubriek vir die publikasie van skeppende werk in al die tale wat gewoonlik in *Literator* gebruik word. Die Redaksie wil daarmee 'n geïntegreerde beeld skep van die verskeidenheid nuwe skryfwerk wat Suid-Afrikaanse skrywers kan bied.

Die Redaksie kan met vreugde aankondig dat 'n kontantprys toegeken gaan word aan die beste bydraes in die loop van 'n jaar. Een prys sal toegeken word vir die beste bydrae deur 'n debutant en 'n tweede vir die beste bydrae deur 'n meer gevestigde skrywer.

Skrywers word daarom uitgenooi om korter skeppende werk voor te lê vir plasing in hierdie rubriek. Dit kan gedigte of kortverhale wees, maar drama- of romanfragmente en eksperimentele tekste is ook welkom. Bydraes word deur die redaksie gekeur, maar geen korrespondensie kan daarvoor gevoer word nie. Vier kopieë van elke bydrae, in dubbelspasiëring getik, moet voorgelê word. Die naam en adres van die insender moet regs bo-aan die eerste blad van gekramde tekste en op elke los vel vermeld word. **Verstrek ook 'n telefoonnommer, faksnommer en e-posadres waar u bereik kan word.**

Stuur alle bydraes aan die Hoofredakteur, *Literator* (629), Buro vir Wetenskaplike Tydskrifte, Privaatsak X6001, Potchefstroom 2520.

Section for creative writing

Litera is a section for the publication of creative writing in all the languages that *Literator* usually caters for. Through this section the Editorial Board want to present an integrated image of the diversity of new writing by South Africans.

The Editorial Board is pleased to announce that a cash prize will be awarded for the best contributions for a specific year. One prize will be awarded for the best debut contribution and one for the best contribution by a more established author.

Writers are therefore invited to submit shorter creative work for publication in this section. Poems and short stories are welcome, but also play and novel fragments and experimental texts. Contributions are refereed by the Editorial Board, but we cannot enter into correspondence about the work submitted. Four copies of each contribution, typed in double spacing, should be submitted. The name and address of the author should appear at the top right of the first page of stapled text and on every loose sheet sent in. **Please include a telephone number, a fax number and an e-mail address where you can be contacted.**

Send all contributions to the Editor-in-Chief, *Literator* (629), Bureau for Scholarly Journals, Private Bag X6001, Potchefstroom 2520.

Reglement: Litera-pryse vir kreatiewe skryfkuns

1. Die Redaksie van *Literator* ken jaarliks, uit geld bewillig deur die Nasionale Kunsteraad, twee pryse toe vir die beste bydraes vir 'n kalenderjaar in die rubriek "Litera".
2. Hierdie pryse sal bekendstaan as die Litera-pryse vir kreatiewe skryfkuns.
3. Die waarde van die pryse hang af van die grootte van die toekenning deur die Nasionale Kunsteraad.
4. Twee pryse word toegeken, een vir skrywers wat reeds 'n bundel in die betrokke genre gepubliseer het, en een vir skrywers wat nog nie 'n bundel gepubliseer het nie (d.w.s. wat as debutante beskou word).
5. Die Redaksie bepaal aan wie die pryse toegeken word, en die Redaksie kan buitebeoordelaars gebruik om met die beoordeling behulpsaam te wees. Die beslissings van die Redaksie is finaal en geen korrespondensie sal daarvoor gevoer word nie.
6. Die Redaksie behou hom die reg voor om vir 'n spesifieke jaar of vir 'n spesifieke kategorie nie 'n prys toe te ken nie of om 'n prys onder verskillende skrywers te verdeel.
7. Die name van die skrywers aan wie die pryse toegeken is, sal bekendgemaak word in die eerste uitgawe van *Literator* van die daaropvolgende kalenderjaar.

Rules: Litera Prizes for Creative Writing

1. The Editorial Board of *Literator* yearly awards two prizes for the best contributions for a calendar year in the section "Litera" from money granted by the National Arts Council.
2. These prizes will be known as the Litera Prizes for Creative Writing.
3. The size of the prizes will depend on the grant received from the National Arts Council.
4. Two prizes will be awarded, one for writers who have already published a collection in the genre concerned, and one for writers who have not yet published a collection (that is, who are regarded as making their *début*).
5. The Editorial Board determines to whom the prizes will be awarded, and it may appoint external judges to help with the evaluation of contributions. The decisions of the Editorial Board are final and no correspondence on this matter will be entered into.
6. The Editorial Board reserves the right to make no award for a particular year or in a particular category or to divide a prize among different authors.
7. The names of the authors to whom the awards have been made, will be published in the first issue of *Literator* of the subsequent calendar year.

Piet van Rooyen

koei, trekker en varkies

wat laat my dan nou
so na montagu se berge verlang
die plek waar ek as kind
met my oom geloop het

tussendeur wingerde en boorde
muisvoëls in okkerneutbome
verby sy swart melkkoei
op pen geslaan
in 'n sirkel al-om
koei-tevrede met heilige oë

die reuk van vrot druiwedoppe
van mos in eikevate
van vars groen lusern
uie en blomkool
en van modderige varkhokke
die varke og-og pienk van speen
allie klein varkies in 'n bondel

my ma se ma se broer
'n kort rooi stompie van 'n oom
maar sterk soos die rooi trekker
tussen bale strooi (vir die perde)
en geelhoutbalke in die skuur

dit was 'n allis chalmers
een wat nog op voko loop
op die ou tipe petrol
een wat jy nog met 'n slinger
en brandspiritus moes gangkrink

net so was my oom
hy het nog uit oudae gekom
uit hugenotegeslagte
hy't nog op die ou tipe petrol geloop
op gedroogte appelkose en vet skaaprib
en konfyt op dik snye brood

hoe verlang mens na die ou dae:
ek na my kort rooi oom
en na montagu se berge
'n heilige koei in 'n oopgevrete kring
en 'n hok vol klein varkies

laatnag in 'n koue stad

fabrieke rook pypreguit asems
in 'n ysskerp nag
ek suig diep aan my sigaar
en woel my digter in my jas

iewers verweg lag stemme van studente
ek hoor die donker klop-klop-klop
van my eie afgemete voetstappe
oor teer en koue keiselstene

ek sien my twee-drie skaduwees
oopflerts met dun arms
langer rek en korter krimp
swemmers in poele lamplig

Joan Hambidge

Affaire: 'n reeks

1 Love is in the air

Per afspraak
 ek en jy
 in 'n hotelkamer
 ek hou jou dop in die spieël
 jy verwyder eers jou trouring
 dan die horlosie
 bind jou vlashare vas
 jy kyk tersluiks na jou lyf
 jy weet nie ek koekeloer nie
 sien elke merk, litteken op jou lyf
 'n entmerk
 vir ons liefde geen antidoot
 geen kuur
 op afspraak
 per kode (lui die telefoon 1 keer)
 sodat hy nie moet weet
 ons sien mekaar
 in 'n driester hotelkamer nommer 66
 liefde op aanvraag
 per bestelling
 miskien miskien is ons lankal verby die vervaldatum
 van 'ons' (maak liefde net voor nuwejaar)
 jy trek die lakens terug
 ek ruik Mentadent P op jou lippe
 die hartstog tap my af
 o bitter woorde lê tussen ons
 oor hom
 die Gideonsbybel waarsku:
 die bragter van slegte tyding se oë word uitgesteek
 verblind deur hartstog soen ons ek glip
 in jou in alle paaie wys na genot
 "Waarmee is ons besig?", vra jy.
 Jou tong in my mond
 'n swaard in haar skede
 stadig trefseker dodelik
en garde

ons sterf saam onder die wit lakens
bibberend van begeerte nogmaals weer
“Sou hy weet?” wonder ek.
Wanneer sien ons mekaar weer? wonder jy.
Jou selfoon lui.
Ek sien sy naam
flits soos 'n gewete.

2 Ontmoeting

Jy praat in 'n kil stem
ek weet hy luister
'n vals gesprek, naam
'n regte plek, alibi
tydsduur presies
hora est
jy laat jou motor in 'n parkeergarage
om tien voor twaalf tel ek jou op
net voor die kanonskoot
ons ry 'n ompad
my oë in die truspieëltjie op die uitkyk
vir sy Mercedes 300 E
ons ry na my plek
ons loop apart die trappe op
ek sluit die deur oop maak die vensters oop
die lakens blakenwit
jy trek dadelik uit ek skink vir ons 'n drankie
jou sarong val oop
“Kom ons dans,” versoek jy. “Don't sleep in the subway, darling”,
kweel Pet Clark toe jou sarong afval
en ek jou nakont
sien.

3 Een nag

slaap jy oor
toe hy op 'n besigheidstrip gaan,
maar ons beide slaap onrustig
so asof
die hele nag
'n derdemannetjie, 'n pretbederwer
tussen ons
waak.

4 Soms

Soms ontmoet ons mekaar
 “professioneel” in die openbaar.
 Die man met die sonbril in Coll’cacchio’s
 waarskynlik ’n speurder. Ons het alibi’s:
 ons bespreek ’n kontrak.
 Daar lê soveel woorde tussen ons
 wat jy op e-pos uitwis.
 Ek behou alles. Versamel elke uiting
 Vir al die aande alleen
 wanneer jy sy woorde aftel
 om agter die kap van sy byl te kom:
 vermoed Meneer dat Mevrouw
 besig is om te slaap by ’n ander Vrou?
 Of dink Meneer steeds dat Mevrouw
 net van hom en sy status hou?

5 Ander kere

laat jy onverwags weet:
 vanaand is onmoontlik. Of gaste
 uit ’n ander stad lê besoek af oor Kersfees
 en Nuwejaar. Dan wag ek soos ’n bedelaar
 op ’n boodskap, ’n sein, ’n oproep.

Party kere raak jy bang. “Hy sal nie skroom
 om ’n speurder aan te stel ... of ’n prokureur.”
 Of miskien is jy eerder houtgerus
 besig om die plaat aan beide kante te speel.

En ek? Is ek toegerus
 vir die ewige, aanhoudende, durende wag?

6 Iteratief-duratief

Jy bel vroegoggend
 die klokhelder in jou stem.
 “Geluk met jou verjaarsdag.”
 Te bang om te vra of ek jou vandag sal sien
 tussen familieverpligtinge en -vieringe deur.
 Ek wag. Op die foon,
 voordeurklok ...

Jou foon lui beset, twee keer klink jou stem
formeel op die antwoordmasjien.
Ek laat geen boodskap. Trek die blindings toe
vir 'n siesta. Dink hoe jy gister beloop
het jy sal wegvlug ...

In helder droom sit ek aan jou verjaarsdagtafel.
Jy laat na om my te voed. In die badkamer
stort water uit die muur. Jy draai die kraan toe.
Ek verlaat die besige huishouding sonder om jou
te groet. Jy hardloop agter my aan: roep woedend
na my.

Toe ek wakkerskrik
Is daar geen boodskap, sms of e-pos.
Ek vier die einde van ons verhouding
met jou verjaarsdagsjampanje.
En leer die wag af.
Alleen. Soos dit 'n geleentheidslover
betaam.

7 Die trane die rol oor jou bokkie

Uiteindelik praat ons.
“Wat het jy vandag gedoen?”
Gewag gemaak van jou.
Soos 'n wagter op die toring.
Wagtend, wagtend.
“Geskrif ... dag jy kon wegvlug? ...”
“Onmoontlik ... maar dit was aaklig
om sonder jou die dag te vier.”
“Maar jy het beloop?”
“Nee, ek het nie.”
“Jy hét.”
Verstaan skielik die droom
van water wat teen die muur afstort:
verbyster oor daar
soveel trane te stort is
oor iemand wat jou vooraf waarsku:
“Ons mag hieroor nooit treur nie;
ons het lief op geleende tyd.”
Maar soos gewoonlik het ek die fyndruk
van die kontrak verkeerd gelees.

8 Onthou, jy mag nooit oor ons skryf nie

Want jou man sal vermoed
en jy mag dalk verder verhoed
dat ek voyeur-voyeur speel
en woorde uit jou mond steel.

9 Love on the rocks

So keer ons weg van mekaar
twee geliefdes
twee minnaresse
twee ekse nou
eens 'n item
eens saam.

Toe breek ons verhouding
soos 'n skip oor 'n rots
nee, eintlik meer
opsienbarend
dramaties
onverwags
onherroepelik
soos 'n gesloopte gebou
wat insak op sy struktuur

toe hy jou e-posse lees
my nommer op jou sel ontdek
en verdomp – as toegif – 'n rekening
vir whisky-on-the-rocks in jou handsak
uitsnuffel
soos 'n bloedhond.

10 Sliding doors

Ons lewe apart van mekaar,
slaap apart,
kla by terapeute apart,
ly apart.

Tog voel ek jou steeds aan.
Is die deur nie gesluit nie.
Laasnag lui my voordeurklok,
maar ek antwoord nie die deur nie.

Deur hoeveel onthou
moet ek gaan om te vergeet?
Ek hoor die windklokke
van ons verlies eentonig, eentonig lui ...

'n Spirituele raadgewer lui 'n Tibetaanse klok
oor my lyf om die energie-velde te herstel,
die chakras oop te sluit. Die twaalfuur-kanon
slaan daverend en luid: ek tel 'n glasskoentjie op.

11 Om 'n sinkende skip agter te laat

'n Skip
soos 'n verhouding
sink selde sonder waarskuwing.
Oor die Titanic
verneem ons hoe die ysberge
gevaarlik uittroon. En die kaptein
volhou alles is onder beheer.
Totdat water in die buik
insypel: alles onder druk plaas.
Om dekstoele op die Titanic rond te skuif.
So was dit met ons. Lank voor my vertrek,
om die sinkende skip blou te verf,
kon ons snags nie slaap nie. My drome
soos my gedigte stuur S.O.S.e .
Die laaste ure glo was daar paniek.
Rangordes uitgewerk oor wie eerste
moet vertrek. Party het verdrink,
ander verklum in die yswater.
"Nader my God tot U". 'n Gedig
is soos 'n sinkende skip. Dit lê
soos die Titanic in die onbewuste.
Geberg tussen rommel, geroeste material
en vele stiekem afsprake ...
Veral die gedigte soos ysberge.
Ons verhouding kon nooit sink nie.
Daarom was daar te min reddingsbote
aan boord. Hierom staan ons beide
ontnugter, verontrus, onkant betrap
oor ons verhouding op haar nooiensvaart
spektakulêr en pynlik
op die rotse is. 'n Liefde verby voor dit
eintlik afgeloop is. So 'n liefde vergeet jy nooit.

Jy verklaar dit tot besienswaardigheid.
'n Liefde op geleende tyd. Bedryf in gesteelde ure.
Onverpoosd soek jy na juwele onderwaters.
"You never finish a poem;
you just abandon it." 'n Skip is 'n verhouding
sinkend

Gershwin Wanneburg

On days when not even poetry was enough

on days
when not even poetry
was enough

you wafted in
an answer
to an unutterable prayer,

quiet saviour,
sweet,
whispering life
into my darkest
recesses.

Gershwin Wanneburg

A poem a long time coming

So full of poetry
tonight.

You can feel it in your back, you know,
Love,

You can lean into it,
like an armchair;
I lean into
memories of
moments
brief intense
heart-quickenning :
your closeness
the blue of your eyes,
your eyes tender,
o, so tender.

It is so rare
to find a one
who can look
with
interest, care
past appearance;
it is such an injustice
to know
and then not be able to have
such a one.

What would you have made
of this body
?
this form, comical some might say,
exquisite, I say, in its own way.

How would you,
had you been able,
have explored, loved,
enlivened,
c h e r i s h e d
it
?

dave lubbe

huwelikswens

mag julle in kristalwater dryf
die lotusranke ewig eet
afrodite julle nooit vergeet